**30 APRIL** **SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: LEVITIKUS 4:1-26**

## Wat moet ons offer?

Die sondeoffer was nie `n vrywillige offer nie. Israel moes dit doen wanneer iemand iets verkeerds – sonde – gedoen het. Dit maak nie saak wat die oortreding was nie, die verhouding met die Here is skade aangedoen. Die sonde het die mens onaanneemlik vir God gemaak. Die volle verantwoordelikheid rus dan op die mens om die saak met die Here reg te stel.

As dit nou nog die tyd van die Ou Testament was, sou ons deur offers ons sondes, wat opsetlik en selfs onopsetlik was, moes ontsondig. Levitikus 4 vertel ons van al die prosedures wat ons sou moes volg om dit te kon regkry.

Maar vandag hoef ons nie meer op so wyse vir ons sonde te betaal nie. Jesus neem ons sonde oor en ons ontvang sy geregtigheid. Romeine 3:25-26 leer ons dat God se vergifnis nie maar net beteken dat Hy ons sondes oorsien nie. Nee, Hy oordeel ook regverdiges. Die genade kom daarin dat Hy ons nie meer vir ons sonde straf nie, maar dat Jesus die straf vir ons gekry het. Daarom is ons skuld van ons af weggevat. In die plek daarvan het ons die versoening gekry wat Jesus deur sy dood vir ons bewerk het, met ander woorde, ons ontvang van God die Offer wat alle offers vervang, dit is Jesus wat Homself as lewende offer vir ons gegee het.

Ons het die wonderlike versekering van Romeine 8:1: "Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie." Die bedoeling met hierdie woorde is dat ons nooit weer hoef wakker te lê en met `n skuldige gewete hoef rond te loop nie. As jy "in Jesus Christus is", as jy jou skuld op Hom afgelaai het, dan weet jy nou met alle sekerheid: God het jou vrygespreek. Onthou die woorde van Efesiërs 2:8: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof."

*Sing: Psalm 32:1, 2, 3* *Gerhard Niemann (Teologiese student)*